Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Christiaan Klopper**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 20/3/7
Verwysing: 20231115-9831

Omsendbrief: 0035/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief gee besonderhede oor die kriteria wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat-toekennings vir 2023 toegepas moet word.*

**Onderwerp: Kriteria vir die Nasionale Senior Sertifikaat-toekennings vir 2023**

1. Dit is vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aangenaam om die kriteria vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) toekennings vir 2023 aan skole te bied (kyk Bylae A).

2. Die doel van die toekennings is om erkenning te gee aan die prestasies van openbare en onafhanklike skole, met 'n bepaalde fokus op die toename van die getal kandidate wat die NSS-eksamen slaag, en om die gehalte van die slaagsyfers te verbeter.

3. Die WKOD maak graag van hierdie geleentheid gebruik om alle skole sukses toe te wens met die aflê van die NSS-eksamen vir 2023.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-11-28